**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Die Regverdiges Sal Deur Geloof Leef

**Die Rabbi en die Seepmaker**

Daar is 'n ou Joodse verhaal oor 'n seepmaker wat nie in God geglo het nie. Eendag terwyl hy saam met 'n rabbi geloop het, het hy gesê, “Daar is iets wat ek nie kan verstaan nie. Ons het al vir duisende jare godsdiens. Maar oral waar jy kyk is daar boosheid, korrupsie, oneerlikheid, ongeregtigheid, pyn, honger en geweld. Dit blyk dat godsdiens glad nie die wêreld verbeter het nie. Dus vra ek jou, watter nut het dit?”

Die rabbi het vir 'n tydjie nie geantwoord nie, maar aangehou loop saam met die seepmaker. Hulle het uiteindelik 'n speelterrein genader waar kinders, bedek met stof, besig was om in die grond te speel.

“Daar is iets wat ek nie verstaan nie,” het die rabbi gesê. “Kyk na daardie kinders. Ons het al vir duisende jare seep, en tog is daardie kinders vuil. Watter nut het seep?”

Die seepmaker het geantwoord, “Maar rabbi, dit is nie regverdig om die seep te blameer vir hierdie vuil kinders nie. Seep moet gebruik word vóór dit sy doel kan bereik.

Die rabbi het geglimlag en gesê, “Presies.”

**Hoe Sal Ons Leef?**

Die Apostel Paulus het 'n Ou Testamentiese profeet aangehaal, en opgesom wat dit beteken om 'n gelowige te wees, toe hy geskryf het, “Die regverdige sal uit die geloof lewe” (Romeine 1:17).

Dalk kan ons in hierdie eenvoudige stelling die verskil verstaan tussen 'n godsdiens wat swak en ondoeltreffend is en een wat die krag het om lewens te omskep.

Maar om te verstaan wat dit beteken om deur geloof te leef, moet ons verstaan wat geloof is.

Geloof is meer as net glo. Dit is volkome vertroue in God, wat met aksie vergesel word.

Dit is meer as om net te wens.

Dit is meer as om net terug te sit, ons koppe te knik en te sê ons stem saam. Wanneer ons sê “die regverdige sal *uit geloof lewe,*” bedoel ons dat ons deur ons geloof gelei word. Ons *reageer* op 'n manier wat ooreenstem met ons geloof—nie vanweë 'n sin van gedagtelose gehoorsaamheid nie, maar vanweë 'n vertroue en opregte liefde vir ons God en vir die onskatbare wysheid wat Hy aan Sy kinders geopenbaar het.

Geloof moet deur aksie vergesel word; anders het dit geen lewe nie (sien Jakobus 2:17). Dit is hoegenaamd nie geloof nie. Dit het nie die krag om 'n enkele individu te verander nie, nóg minder die hele wêreld.

Mans en vroue van geloof vertrou hul genadige Hemelse Vader—selfs gedurende tye van onsekerheid, selfs gedurende tye van twyfel en teenstand wanneer hulle dalk nie volkome kan sien of duidelik kan verstaan nie.

Mans en vroue van geloof loop doelgerig die pad van dissipelskap en streef daarna om die voorbeeld van hulle geliefde Saligmaker, Jesus Christus te volg. Geloof

motiveer en, inderdaad, inspireer ons om ons harte hemelwaarts te wend en om aktief uit te reik, en ons medemens op te hef en te seën.

Geloof sonder aksie is soos seep wat in die houer bly. Dit mag wonderlike potensiaal hê, maar in werklikheid het dit min krag om 'n verskil te maak totdat dit vir sy bepaalde doel gebruik word. Die herstelde evangelie van Jesus Christus is 'n evangelie van aksie. Die Kerk van Jesus Christus leer ware godsdiens as 'n boodskap van hoop, geloof, en naasteliefde, insluitende om andere op geestelike en tydelike wyses te help.

'n Paar maande gelede het my vrou, Harriet en ek met sommige van ons kinders op 'n familie-reis na die Mediterreense area gegaan. Ons het 'n paar vlugtelingkampe besoek en families uit oorlog-geteisterde lande ontmoet. Hierdie mense was nie van ons geloof nie, maar hulle was ons broers en susters en hulle het dringend hulp nodig gehad. Ons harte is diep geraak toe ons eerstehands ondervind hoe die aktiewe geloof van ons Kerklede hulp, verligting en hoop aan ons medemens in nood bring, nieteenstaande hulle godsdiens, nasionaliteit of opvoeding.

Geloof gepaard met volgehoue aksie vul die hart met sagmoedigheid, die verstand met wysheid en insig, en die siel met vrede en liefde.

Ons geloof kan ons en diegene om ons seën en regverdiglik beïnvloed.

Ons geloof kan die wêreld vul met welwillendheid en vrede.

Ons geloof kan haat in liefde omskep en vyande in vriende.

Die regverdiges leef dus deur in geloof op te tree; hulle leef deur op God te vertrou en in Sy weg te wandel.

En dit is die tipe geloof wat individue, families, nasies en die wêreld kan omskep.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Uchtdorf verduidelik dat geloof meer as net 'n uitdrukking van godsdiens is. Ware geloof in Hemelse Vader en in Jesus Christus vereis aksie, en om deur geloof te leef het die krag om lewens en tuistes te omskep. Jy kan diegene wat jy leer, vra om oomblikke te deel waar hulle die seëninge en krag gesien het wat kom wanneer hulle deur geloof leef—uit persoonlike voorbeelde of uit andere se waarnemings. Moedig hulle aan om vir leiding te bid om te weet hoe om die evangelie beter uit te leef.

## JEUG

### Dien Andere in Geloof

President Uchtdorf vertel ons dat ons geloof in God deur "aksie vergesel" *moet* word. Hy verduidelik dat wanneer ons geloof "gepaard gaan met voortdurende aksie, dit die siel met vrede en liefde vul." Met die belofte van hierdie seëning, *kan* ons 'n verskil maak en ons kan dit in ons eie lewens sien as ons die tyd neem om geloof-gevulde diens te lewer. Jy kan elke oggend bid om die Here om hulp te vra in jou diens aan andere. Byvoorbeeld, vra Hom om jou te wys wanneer 'n broer of suster hulp met 'n taak nodig het of wanneer 'n vriend 'n kompliment nodig het. Dan, wanneer jy 'n ingewing ontvang, reageer daarop! Indien jy hierdie gebede en hierdie diens 'n gewoonte maak, sal jou getroue, voortdurende aksie jou lewe en die lewens van andere seën. President Uchtdorf belowe dat jy "individue, families, nasies en die wêreld kan omskep."

## KINDERS

### Vertroue

Probeer hierdie aktiwiteit met 'n vriend. Jy sal hulle moet vertrou en hulle aanwysings versigtig moet volg.

Kry 'n skoon vel papier en teken 'n sirkel daarop wat 'n gesig voorstel. Met 'n pen of potlood in jou hand, maak jou oë toe. Laat jou vriend vir jou sê waar om die oë, neus, mond en hare op hierdie gesig te teken. Kyk dan daarna. Hoe het dit uitgekom? Jy kan die gesig inkleur en dan nóg een teken om weer te speel!

Dit is soms moeilik om aanwysings te volg. Maar wanneer ons probeer om Hemelse Vader te volg deur na die Heilige Gees te luister, sal Hy ons help. Ons kan Hom altyd vertrou.

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA.
Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16. Vertaling van *First Presidency Message, March 2017*. Afrikaans. 97924 501

# Eed en Verbond van die Priesterskap

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

**Geloof Familie Verligting**

Hoe meer ons as susters verstaan dat die eed en verbond van die priesterskap op ons persoonlik van toepassing is, hoe meer sal ons die seëninge en beloftes van die priesterskap omhels.

Ouderling M. Russel Ballard van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "Almal wat heilige verbonde met die Here gemaak het en wat hierdie verbonde eer, is geregtig om persoonlike openbaring te ontvang, om deur die bediening van engele geseën te word, om met God te kommunikeer, om die volheid van die evangelie te ontvang, en, uiteindelik, erfgename te word saam met Jesus Christus van alles wat ons Vader het."[1]

Die seëninge en beloftes van die eed en verbond van die priesterskap het betrekking op beide mans en vrouens. Suster Sheri L. Dew, voormalige raadgewer in die Verligtingsvereniging Algemene Presidensie, het gesê: "Die volheid van die priesterskap wat vervat is in die hoogste ordinansies van die huis van die Here kan slegs ontvang word deur 'n man en 'n vrou saam." [2]

Suster Linda K. Burton, Verligtingsvereniging Algemene President, het hierdie oproep gedoen: "Ek nooi julle om die eed en verbond van die priesterskap te memoriseer, wat gevind kan word in Leer en Verbonde 84:33—44. Deur dit te doen, belowe ek jou dat die Heilige Gees jou begrip van die priesterskap sal verbreed en jou inspireer en ophef op wonderlike wyses."[3]

Joseph Smith se opdragte aan die Verligtingsvereniging was bedoel om vroue voor te berei om in besit van die "voorregte en seëninge en gawes van die priesterskap te kom." Dit sal verwesenlik word deur die ordinansies van die tempel. "Tempelordinansies [is] priesterskapordinansies, maar hulle skenk nie 'n kerklike amp aan mans of vroue nie. [Hierdie ordinansies vervul] die Here se belofte dat Sy volk—vroue en mans—'met krag van omhoog begiftig' sal word [L&V 38:32]."[4]

### *Bykomende Skrifture en Inligting*

Leer en Verbonde 84:19–40; 121:45–46; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. M. Russell Ballard, "Men and Women and Priesthood Power." *Liahona,* Sept. 2014, 36.
2. Sheri L. Dew, in *Daughters in My Kingdom: The History and Work of Relief Society* (2011), 128.
3. Linda K. Burton, "Priesthood Power—Available to All," *Ensign,* Junie 2014, 39–40.
4. Evangeliese Onderwerpe, "Joseph Smith's Teachings about Priesthood, Temple, and Women," topics.lds.org.

### *Ter Oorweging*

Wat kan jy doen om die beloofde seëninge van die eed en verbond van die priesterskap meer volledig te verstaan en te ontvang?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, March 2017.* Afrikaans. 97924 501